3. Fire management technologies to be brought to a high level, including electronic remote fire detection; planned burns with precisely contained boundaries kept by chemical methods; use of stimulators for germination and bulb-flowering on plots, small holdings and reserves.
4. A strongly supported aesthetics committee using integrated environmental management of development at all levels.
5. Telephone wires to be buried.
6. Special care to safeguard biological connections between the coastal flats and mountains (especially the small holdings) with the needs of the Biosphere Reserve and the World Heritage Site inland (if such status is granted).
7. A minimum of further commercial development, absolutely no new nodes.
8. Control of long-term human-caused impacts, including septic tank effluents altering the sensitive soil nutrient regime, possible genetic effects of microwave emissions from aerials on the mountains, destruction of fauna by uncontrolled dogs, and much else.
9. Control of baboons by the most humane methods possible.
10. Complete freedom from crime as with the remarkable standards found in some Eastern countries. - *AVH*

***

...belig, beteër, beplak, bebos, beboud, bemors. b..bedonnerd! *Charlie B...*

***

Die nare bobbejane sal gelukkig almal al teen daardie tyd doodgeskiet wees. Die hasies en dassies wat gate in my tuin grou sal gelukkig deur honde opgevreet wees, die voëls wat op my stoep skyt sal vergiftig wees, die blêddie fynbos sal as gevolg van 'n groot waterskaartse deur plastiekplante vervang word, saans sal my nageslag in veiligheid onder straatligte en in teerstrate kan stap na die 24-uur Pick 'n Pay oorkant die Sea Horse. Elke huis sal 'n spotlight hê wat hom belig en sê: *Kyk, I have arrived!* 'n Sementpad op pilare sal al om die kus op die rotse loop sodat niemand oor die rotse hoef te klouter nie en Rooiels sal uiteindelik 'n groot funplek word met gastehuise, 'n hawe, casino en karavaanpark waar die simpel natuurtuin is. En al die ou gevrekte siele wat tans daar bly se as sal lankal weggewaai wees. - *Anoniem*

***

**Moenie die bobbejane voer nie!!!**

## Uitnodiging/Invitation

***Kandidate wat hulle graag verkiesbaar wil stel as lede van die Uitvoerende Bestuur van die REBV word uitgenooi om die Uitvoerende Bestuursvergadering van 3 Desember om 19:00 aan huis van Basil Moss by te woon. RSVP Basil Moss 083 280 0163 of 021 855-3513***
***LW. Lede wat verkies word moet reeds langer as drie maande lede van die REBV gewees het.***

***Candidates who wish to make themselves available as members of the Executive Committee of RERA are invited to attend the Exco meeting at 19:00 on 3 December at the home of Basil Moss.***
***RSVP Basil Moss 083 280 0163 or 021 855-3513***
***N.B. Members who are elected must already have been members of the RERA for more than three months.***

## Rooigety Flits Groen

Dié wat weet, sê hulle het dit lanklaas gesien. Ek self kan nie onthou hoeveel jaar gelede ons die see op Rooiels só sien gloei het nie.

Op 'n stil aand in Oktober, na 'n week van sterk winde, het iemand ons gebel oor vreemde ligte by die rotse voor die kleinhoewes. Kreef- of perlemoenstropers? Kort voor lank kon ons wel die ligte naby ons rotse sien. Fosfor! Dit bly in die klein baaitjie speel. Teenoor vorige waarnemings van fosfor wat oraloor op die see skitter, het daar hierdie keer ure lank helder flitse verskyn. Die groen deurskynende brandertjies wat traag omdop was ook vir ons uitsonderlik.

Branché van *The living shores of South Africa*-faam sê dat fosforessensie ná sterk wind en opvolgende kalm see plankton boontoe bring, agtervolg deur skole vis waarna 'n chemiese reaksie ontstaan met gepaardgaande helder flitse "groen vuur". Hy verwys ook na 'n voorval in 1962 in Valsbaai toe groot hoeveelhede plankton groot getalle vis gelok het. Die gepaardgaande rooi gety was nie die giftige soort wat die hele voedselketting beduiwel met massa marine-sterftes nie, maar 'n 'onskuldige' een sonder enige nadelige invloed. Luminessensie word deur oksidasie van die sg. 'chemiese substraat onder ensiembeheer' veroorsaak. Die planktondiertjie kan dit self aan-en-af skakel.

Die 1966-rooigery in Valsbaai is die een waarna John Kench verwys in *Die Kuslyn van Suid-Afrika*. "Sterk landwaartse winde het sowel die plankton as die voedingstowwe van die opwelling saam gekonsentreer en 'n swaar opbloei het plaasgevind. Snags was dit sigbaar in ontploffings groen fosforlig."

Na so 'n fosfor-skouspel hoop die plankton op wat mettertyd doodgaan wanneer al die beskikbare voedingstowwe op is. 'n Mens sien dan soms die volgende dag groot rooi kolle op die see. Ons was baie gelukkig om dié meerendeel Weskus-verskynsel te kon waarneem in die Rooiels-kolletjie van Valsbaai.

Louise du Toit

## Nature reserve

The most exciting event to be reported is the great flowering of the Purple Pelargonium, forming sheets of colour over most of the main reserve this November, after stimulation by the veld-burn on 12 May 1997.

The first flowering season after the fire had some interesting species including ground orchids and a few Purple Pelargoniums. By the next flowering season in 1998 there was a hint of something spectacular from the Pelargoniums. The veld was still rather bare and what may be the usual seed predator, the Striped Fieldmouse may have been shy of getting into such an exposed and dangerous area, so the seed was probably largely left alone. Also, the hygroscopic, twisting and turning seed-burying mechanism probably acted swiftly enough to put the seed a centimetre or so below the soil surface, helping to save most of the 1997 and 1998 seed-crops.

Whether this hypothesis is true or not, the seed germinated and the new plants grew densely except in some of the northern parts. Were the Fieldmice more active in these northern parts or was it simply too dry there? Certainly the Pelargonium has shown that it can rapidly grow and flower in soils ranging from marshes to dry boulder patches and shoreline slopes with coarse sand and rock flushes. Will next year's flowering from larger plants be even more spectacular?

Look for interesting animal life starting to flourish in the reserve. On a recent visit to the southern entrance near the ! signs, a beautiful Harlequin snake was sunning itself next to the path, with its brilliant alternating bands of black and golden yellow, the body narrower than your little finger, wriggling rapidly away to vanish under a stone.

Anthony Hall

## Struktuur- en Beheerplan RENR

Tydens 'n funksie vir die raadslede van die oorgangsraad wat vroeër vanjaar deur die REBV aangebied is, is die voorlopige Struktuur- en Beheerplan vir die Rooiels Natuurtuin aan die burgermeester, raadsheer Willie Smuts, oorhandig.

Hierdie dokument vervat benewens 'n agtergrondstudie, ook die volgende:
**Gebiedsbeskrywing:** ekosisteem, abiotiese faktore, biotiese faktore, hulpbronontwikkeling en bewaring, bedreigings
**Bestuursdoelstellings en -beleid:** doelstellings, beleid, adviesraad, konsultante, administrasie
**Sonering:** wetenskaplike sone, uitgebreide gebruiksone
**Bestuursaktiwiteite:** habitatsbestuur, beleidsriglyne, projekbeskrywings, plantebestuur, faunabestuur, kultuur-historiese bewaring, publieke gebruik, infrastruktuur

Die dokument is deur Gerard Scholtz opgestel en die volgende persone en instansies het insette gelewer: Craig Spencer, Durelle Snyman, Helen Jones en Alison Ayres, Julia Aalbers, lede van die komitees van die RENR en die REBV. Dit sal by die volgende adviesraadsvergadering van die RENR ter tafel gelê word vir finale goedkeuring voor dit na die betrokke owerhede vir finale goedkeuring gestuur word.

**Die enigste plek waar vuurwerke in die Kleinmond-Hangklip Munisipale gebied mag plaasvind is op die Kleinmond strandgebied. 'n Aansienlike boete van is van krag.**

**The only place where fireworks may be discharged in the Kleinmond-Hangklip Municipal area is on the Kleinmond beach. A substantial fine is applicable.**

## SEEWAG /SEAWATCH VERSLAG

SEEWAG het 3 hoof doelstellings:

1 Om die publiek meer bewus te maak van die seelewe;
2 Om te help met polisieëring; en
3 Om gemeenskappe meer betrokke te kry by hulle kusstroke.

**Raising public awareness**: Dr Neville Sweijd addressed the public on "The fingerprints of perlemoen." Dr Colin Attwood spoke about his two years' research on fish and shellfish. SEEWAG het ook verskeie SEEWERKSWINKELS gehou, o.a. ook met skoolkinders op Kleinmond, Rooiels en Pringlebaai. SEEWAG het dekking d.m.v. T.V. en koerantberigte geniet.

Using WWF funding, we are sponsor ing nature conservation officer at the municipality to concentrate exclusively on the poaching of sea creatures. His results and statistics are excellent. Our dune patrols have also been very active.

Some statistics for this year:

| | |
|---|---|
| POACHERS CAUGHT / STROPERS GEVANG | 672 |
| FINES FOR POACHING / BOETES GEHEF | R310,390.00 |
| CONFISCATED / GEKONFISKEERDE PERLEMOEN | 14,765 |
| PERLEMOEN TERUGGESIT / RETURNED TO THE SEA | 950 |

Most poached perlemoen has already been removed from the shell. Therefore SEAWATCH hands it over to SEA FISHERIES and they sell it. They have earned R1,150,000.00 from the poached abalone we delivered to them.

Een van ons dagbestuurslede, Jaap van Deventer, gee gereeld lesings by die speurders akademie oor SEEWAG aktiwiteite en metodes om stropers te vang . Na aanleiding van die lesings het daar nou al navrae gekom van Port Elizabeth, Suid Skiereiland, Kommetjie en Saldanha om Seewag in hulle gebiede te stig. Hy en Mike het ook OPERASIE NEPTUNE lede touwys gemaak in spoorsny en die vang van stropers.

**SEAWATCH** initiated the creation of the "HANGKLIP KLEINMOND Coastal Co-Management Forum" representing fishers, divers, boatclubs and some of the local small-time poachers. This Forum addresses issues such as access to sea resources, the creation of marine reserves, etc.

**SEEWAG** se ledetal het oor die afgelope jaar met 50% gestyg. Ons het die gebruik van die Mazda Wildlife voertuig vir een jaar gewen. Ons het ook finansiële ondersteuning van individue, winkels en die Rooiels Bootklub ontvang. Ons beoog opvoedkundige projekte wat ons binnekort sal aanpak.

**BAIE DANKIE AAN PIERE DU TOIT WAT 'N OOG OOR ONS BRONNE HOU . DANKIE AAN ELKEEN WAT BYGEDRA HET TOT DIE BESKER-MING VAN ONS SEEBRONNE!**

Evette Weyers (Stigterslid en SEEWAG bestuurslid.)

## Waste Management:

I am happy to report that three recycling igloos are now in place with the generous support of MTN, and we have enough money left to screen them off with a wooden fence, in sympathy with the existing structures.

Thank you to the ratepayers and the Rooiels Boat Club who supported the project financially. The Boat Club and individuals offered to donate a substantial amount towards this project.

Instandhoudingswerk is onlangs gedoen aan die houtstrukture wat dwarsoor Rooiels die vullisdromme berg.

Ons het egter steeds die probleem van sakke wat buite gelaat word en dan stukkend geskeur word deur die bobbejane, meerkatte en kraaie. Ons werk aan 'n oplossing vir die probleem, wat neerkom op 'n permanente struktuur waar addisionele sakke afgelaai kan word, wat bekostigbaar is en wat terselfdertyd meer esteties aanvaarbaar sal wees as die tydelike maatreëls wat in die verlede toegepas is.

Die menslike faktor bly egter steeds die deurslaggewende een, en as die mens nie sy kant bring nie, wie kan die bobbejane verkwalik?

The municipality now have impressive baboonproof waste bins available and I really want to recommend that each house owner in Rooiels purchases one. Please place your bins where they are visible. The waste removal guys will remove the bags from the bins. but not loose refuge.

Please note that the wooden structures are for the benefit of the public (day visitors), and the refuse bags of permanent residents and holiday-makers should not be deposited in them. When they are full or almost full, the baboons reach down and pull the bags.

Family, friends and tenants should be educated to **"stash their trash"** in the facilities provided. I am sure that we can count on all ratepayers who love Rooiels to do their bit in this regard.

Lida van Dyk

## Rooiels, Rooiels

Ons is slegs nawekers, maar Rooielsers in murg en been. Vandag het ek egter iets ondervind wat my altyd sal bybly. Ek het my buurvrou se Xhosa huishulp van Johannesburg saam met my geneem om te gaan huis skoonmaak. Die vorige aand het ek stil gebid dat dit 'n mooi dag moet wees en dat God saam met ons sal ry en, helaas, dat daar bobbejane sal wees, want Lilian het nog nooit 'n bobbejaan in lewende lywe gesien nie.
Soos dit is, stel Hy 'n mens nooit teleur nie en was dit 'n wonderlike windlose dag en ja!, daar was bobbejane - oral! Lilian val so te sê uit die motor van plesier en verwondering en maak toe sommer weer my oë oop vir die mooi van Rooiels. Wat egter ontstellend was is dat sy met haar onskuldige oë eerste die blou en wit huis teen die berg oplet en vra: hoekom? Ek kon haar nie antwoord nie, maar hoop dat dit die eerste, enigste en laaste sal wees. Later soek sy die bobbejane en vind hulle met groot opwinding rustig in die natuurtuin kuier tussen die wilde malvas in hulle malse kleur, soek-soek, eet-eet, rustig en ongehinderd. Die volgende oomblik word daar met verbasing uitgeroep dat daar die grootste "muis" is wat sy nog ooit gesien het. Ek kon toe met vreugde verduidelik dat dit 'n muishond is. Soveel eerste ervarings op een dag.

Toe ons toesluit en die steil pad na onder toe loop, verwonder sy haar lag-lag oor die natuur en merk sy op: "Die see is darem groot, het hy dan nie 'n einde nie?" Toe weet ek hoe ek steeds oor 'n honderd jaar oor die plek sal voel.

Hester Kritzinger

*Die meeste van ons besoekers lewer ook gewoonlik kommentaar op die wit en blou huis teen die berg en die onsensitiewe impak wat dit op ons berg en omgewing het. Ons kan net hoop dat die nuwe eienaars dit besef en 'n kleur verf wat met die berg en natuur sal saamsmelt. (Red.)*

## Ladies Social and Support Group/ Dames Sosiale en Ondersteuninggroep

In the last week of June, an invitation was extended to all the permanent ladies of Rooiels to meet on 7 July at the initiative of Lynn Harris,

supported by Joan Faure and Lida van Dyk.

Twenty-two ladies arrived and a happy buzz prevailed throughout the afternoon. Lynn explained that a need existed among the permanent residents to know and support one another and meet socially.

During the five meetings held to date, a number of ideas were adopted. Some of these are :

- A name, address, telephone and birthday list of all the permanent ladies has been made available.
- Supporting one another in times of crisis, e.g. illness, fire, accident, etc.
- Reaching out to "outsiders" who might need us in an organised way during an emergency, e.g. a fire, shipwreck, car accident etc.
- A monthly newsletter for members is being produced by Jenny Starke.

Talks on herbal Fynbos (Jenny Berrisford) and fynbos flower arranging (Pam Harris) were highlights of two meetings. Jenny Starke researched the latest snake-bite treatment and made arrangements with local doctors. The club has been approached by RERA in connection with a Neighbour-hood Watch and they will be obtaining information from the police to ascertain how and if they can be of assistance.

Op hierdie stadium is die pad vorentoe nog baie oop en vloeibaar. Wat wel vas staan is dat die meeste dames die initiatief van Lynn, Joan en Lida verwelkom en ons glo daar sal nog baie interessante en goeie dinge hieruit voortvloei.

Alle permanente en semi-permanente inwoners word hartlik uitgenooi. Kom! Bring u idees. Elkeen van ons is 'n skakel in die ketting.

Die byeenkoms vind elke eerste Dinsdag van die maand om 14:30 plaas. Hou asb die kennisgewingbord dop vir verdere besonderhede en moenie vergeet om u nuusbrief by Margaret Hensen af te haal nie.

To give some of the less mobile ladies an outing from Rooiels and environs, a 'Christmas luncheon' with pensioner discounts has been arranged at Dassiesfontein on 15th December.

## ERF 115

Die kontroversiële en sensitiewe erf 115, of te wel die sogenaamde hotelerf, het onlangs van eienaar verwissel en die hele Rooiels het op hete kole gesit en wag om te sien wat met hierdie besondere erf gaan gebeur. In 1985 is 'n aansoek vir onderverdeling in 10 erwe ingedien en in 1989 het die vorige eienaar 'n aanoek vir onderverdeling in 8 erwe ingedien. Die WNNR het in beide gevalle verslae ingedien en die REBV het die beoogde onderverdelings elke keer teengestaan.

Die REBV is deur mnre. Brett Lawson van *The Environmental Partnership* en Tommy Brummer van *TB Town and Regional Planner* genader as rolspeler vir impakstudies van die beoogde ontwikkeling op erf 115. Die REBV het die Rooiels Visie as riglyn voorgehou wat steeds 'n belangrike rol speel in die beplanning van ontwikkeling op die erf.

Dit is dus aangenaam om te rapporteer dat die nuwe eienaar 'n aansoek ingedien het vir hersonering van hotelerf na enkel residensiële woning. 'n Volledige omgewingsimpakstudie is voorberei en op 1 Mei is 'n ope vergadering vir alle belangstellendes gehou te Rooiels.

In die omgewingsimpakstudie word vermeld dat botaniese en argeologiese studies onderneem is waarin daar sekere aanbevelings gemaak word wat as riglyne sal dien met die ontwikkeling. Volledige dokumentasie is by die REBV beskikbaar.

Die REBV wil graag 'n hartelike woord van dank rig aan die nuwe eienaar, Leon Kirkinis, en mnre Bret Lawson en Tommy Brummer vir die professionele manier waarop hierdie proses aangepak is, die deursigtigheid van die eienaar en sy professionele span en die moontlikheid wat geskep is vir publieke deelname aan die projek. Mag hierdie aksie en proses van mnr Kirkinnis as 'n bloudruk dien vir voornemende ontwikkelaars van eiendom, nie net in Rooiels nie, maar ook in die res van ons kusgebied. Hierdie is sowaar 'n pluimpie in Rooiels se hoed!

**Phone Sea Watch immediately if you notice any irregularities 083 212 2252/3**

## SECURITY

Unfortunately crime is on the increase in Rooiels and surrounding areas, with repeated break-ins and also one case of theft by outside visitors overnighting in Rooiels. Rather alarming. Now is the time to get a neigh-bourhood watch going,possibly with the newly formed ladies' circle.This DOES NOT involve playing cops and robbers,and patroling with a sawn-off shot gun,shambok and vicious dog, BUT getting a telephone tree started between neighbours, reporting to the police anything not looking normal: suspicious people, vehicles - especially bakkies, and activity around unoccupied houses - in short - use your eyes, before you are the next victim.(The police have increased patrols in the area)

**ALARMS AND RESPONSE**

Four local companies were contacted:

**No 1:** Kleinmond: I phoned and I was told that contact would be made at the weekend and an appoinment would be made. Still waiting.

**No 2:** Kleinmond: Response vehicle was contacted while they were in Rooiels. They said they would come to the house the next day. Still waiting.

**No 3:** Bettys Bay/Rooiels: Reply 24h later. When the local monitoring respresentative is not available in Rooiels, the response time is too slow. Felt monthly monitoring and response charges were high.

**No 4:** Pringle Bay: Despite short notice (3 hours), the owner resheduled his afternoon, and arrived on time. His approach was professional, he had good ideas, and was able to answer all questions. A quote was promised by noon the following day. It arrived at 9am. Enough said.

Contact me for further information.

## ROADS

**Clarence Drive:**

Meetings,meetings and more meetings. Problems identified:
a. Rooiels entrance
b. Excessive speed on hills: short term measures - a couple of signs, and some yellow lines,but no funds available. One wonders how many accidents and possibly deaths are needed before action will be taken

**Internal roads and Parking:**

Some roads have had holes filled, graded and widened, with an alarming increase in speeding and dust in certain areas. Circle in Anemone Road under construction, in an effort to calm excessive speed. The four way stop to be re-placed with a circle and the additional diagonal parking at the business centre is under-way , and should be finished before the season. PLEASE SET AN EXAMPLE AND OBSERVE THE SPEED RESTRICTIONS IN ROOIELS. The faster you drive on a gravel road, the quicker it breaks up, and the danger to our elderly residents, children and pets and the slow moving wild creatures increases.

## FIRE

Fire hazards are greatly reduced, thanks to the hack group.and some property owners clearing alien vegetation. There are still a few problem areas, so please keep a hose pipe handy during the dry season ahead. The Municipality has tested all hydrants and given the assurance that they are in working order..

Basil Moss

## From visitor to resident

Ever wondered what it would be like to *EMIGRATE and actually **live** in the Republic of Rooi Els* instead of just visiting from time to time? The weather at this time of the year (April/May) has to be experienced to be believed!! It is so wonderful that one even forgets that it is right here in Waaigatbaai where the South Easter is reputed to make its tumultuous entry into the world.

The first thing that really strikes home is the tranquility. No sirens. No hooters. No hurry or scurry or rumble of traffic, just peace - perfect peace - the "Sounds of Silence"! ( With thanks to Simon and Garfunkel) The next impression comes at night when you can touch the stars - except for the odd thoughtless pool of light-pollution. Then comes the overwhelming beauty, splendid sunsets and sunrises and an evening walk at

full moon, watching it rise pale but majestic up the Rooiels River valley as the sun flames-out behind the Peninsula, - I dare the romantically inclined not to put your arm around your companion!

When you live here, it is as if you *own* your slice as opposed to *renting* it. We have found more time for each other. Each evening we marvel at how the sun ever-so-gradually sinks further and further towards the Fishoek Gap, before starting its inevitable, incredible journey back past Cape Point to mid-False Bay for the Summer Solstice; only to return along the same path again like some gigantic pendulum swung by God's Hand.

Pierre du Toit is an 'old-hand permanent' in Rooiels and his sage advice was, "Geoff, jy moet sorg dat jy jou stokperdjies het -- as jy genoeg tyd kan vind!" And how right he was, for we seem to be busy all the time; we've started playing Bridge and tennis and (under kind guidance of the 'Galjoen King' Chris Gilmore) I'm learning to feed the fish liberally without spoiling it by ever actually catching one.

Mail could be a problem if it were not for co-operative friends and postal officials who ensure a steady flow in both directions, so there actually is little to complain about. Also, if you hate housework, this is *not* the place for you, so you had better get used to the idea of doing everything yourself and 'getting by with a little help from your friends' when it's needed. We soon found our routine and working together is now fun; but perhaps our standards are not *quite* as high as they were ... ? What the heck; who cares? We are all in the same boat.

'Cousin' Charlie and his henchmen can be a problem. (Not the one you see on the water with that lovely Honda outboard!) Until you have been 'boon-burgled' some twenty times in three months, you will never understand how it feels to have to keep every window, every door closed ALL the time, for they sneak in like wraiths in the mist. And *they trash your home in a matter of seconds!* Bold as brass and cheekier than a two-year-old, they have even learned to lift a cabin-hook to gain entry via a window once considered absolutely safe. So don't be surprised to see a rash of 'baboonguards', for no-one wants to remain behind closed doors and windows, held to ransom on a hot summer's day. Other than this 'natural' hazard, possibly one of *the* most important feelings is that of *personal freedom and security* as you go about your daily living. One simply does not feel threatened.

Living in a small community, *everyone knows the latest 'local happenings'* (ie Gossip) - so what? A small price to pay for caring, friendship and the knowledge that you have been able to pack your shoes, suits and ties away - perhaps forever? So don't waste money building more cupboards. Those which held your holiday rags will suffice, for the odds are ten-to-one that is what you'll end up wearing anyway!

Those of you who know Lynn will understand how much she loved our thatched cottage in Pinelands and for how long she baulked at the move here. I think she summed up our feelings very neatly. We were watching the gulls lazily diving off Guano Rock when she turned to me and said. "*You know, we only made one mistake with this move - we should have done it three years ago when you first mooted it!*" And my heart filled with joy and love for this companion of 38 years.

Yes, Rooiels has become a home to us and my guess is that we will see many, many more residents settling here over the next few years. Welcome to Paradise. You'll love it.

Geoff Harris (May 1999)

Gebruik die igloos
Use the igloos

for paper, tin & glass

**Belangrike datums!!!**

**Important dates!!!**

## Desember Vakansie Program December Holiday Programme

Die REBV is besig om weer 'n opwindende vakansieprogram vir die hele familie op te stel wat vroeg in die vakansie beskikbaar sal wees. Hou die kennisgewingbord dop.

RERA is busy compiling another exciting holiday programme for the whole family that will be available soon. Watch the notice board.

***

## Carols by Candlelight Kerssang by Kerslig

**22 Dec./Des.**
19:00 Harold Porter Botaniese Tuine
Bring own picnic basket

***

## Die REBV AJV The RERA AGM

Neem kennis/Take note:

**29 Desember 1999**
Registrasie/registration: 8:00
Erf 56, Bathers Road

Bring eie stoel en R40 ledegeld
Bring own chair and R40 membership fee

Matters for discussion to be submitted in writing to the secretary by 15 December 1999 for inclusion in the Agenda.
Sake vir bespreking moet voor 15 Desember 1999 skriftelik by die sekretaris ingedien word vir insluiting by die Agenda.

Tel: h: 021 852 5776
o: 021 851 6055
Fax: 021 851 7636
e-mail: armilla@iafrica.com

***

## Rooiels Sunset Christmas Craft Market

**After all the fun of the previous years, the third Rooiels Sunset Craft Market will take place on Monday 20th & Tuesday 21st of December at Bonny Banks, the home of Werner & Joan Mödinger. If you want to take part, please phone Lida (273 8444) or Anuta (273 8539) 10% of the proceeds will be donated to nature conservation**

**Hierdie mark het so suksesvol bygedra tot die feesatmosfeer oor die Kerstyd, dat ons net nie daarmee kan ophou nie. Die mark sal op Maandag 20ste en Dinsdag 21ste Desember te Bonny Banks, aan huis van Joan en Werner Mödinger, plaasvind. As u wil deelneem, skakel asseblief vir Lida (273-8444) of Anuta (273-8539). 10% van die opbrengs word aan natuurbewaring geskenk.**

## Bootklub/Boat Club

Important dates:
Belangrike datums:

**26 Dec./Des.** 9:00 - 13:00
**Village Boat Day!**
Come for free boat trips at the slipway.
Gratis bootritte vir almal. Ontmoet ons by die sleephelling.

**31 Des./Dec.**
Millenium Kreef Kompetisie
Millenium Crayfish Competition
Kontak/Contact Diarmuid Baigrie

***

## Marius & Friend

**21 & 23 Desember 21:00**
Kaartjies by Sea Horse
Tickets at Sea Horse
Kontantkroeg/Cash Bar

***

## Hack Kapdag

Laaste kapdag van die millenium!
**Saterdag, 4 Desember**
8:00

Last hack of the millenium!
**Saturday, 4 December**
8:00

***

## Black Bag Day Swartsakdag

**31 Jan 2000 at 8:00**
We meet in front of the Sea Horse for a major cleanup of our beaches and streets. Bags will be provided. Tea/beer/cooldrinks afterwards

***